# OU METODES VAN DIE SATAN IN 'N MODERNE SAMELEWING - MET BESONDERE VERWYSING NA OPENBARING 2 EN 3

Prof A H Grové*


## ABSTRACT

### Satan's ancient methods in a modern society.

It is an unequivocal fact that Satan is at work in this world and especially in the church of Christ. At times his methods are crystal clear and at other times, inexplicably, they are not. It is because the devil appears in many guises. According to Matthew 7:15 and 2 Corinthians 11:14 it is not always possible to determine his *modus operandi*. The purpose of this article is 1. To identify methods used by and explain the way in which Satan operates in order to attack the Christian church in Asia Minor as described in Revelation 2 and 3. 2. To determine the mortal danger as it exist in this day and time. Satan's strategies and methods are diverse and include the following: 1. The lie. 2. The prosecution and oppression of the church. 3. The constant attempt to get the faithful to compromise their faith; to urge them with irresistible power in an insidious way to accept and follow false doctrine. 4. The strategy of violence, in which no compromise is acceptable. It is important to know that neither Satan's name nor his activities are always mentioned. Take for example such messages as those to Sardis and Laodicea. Yet it is clear that his *modus operandi* can be reconstructed because of the trails and evidence that he leaves behind. Satan is a master at camouflage and subtle covert operations. 5. He uses man's external circumstances such as his longing for earthly possessions and wealth, his self-satisfaction, his search for instant gratification, his smugness and frailty to gain the upper hand, in order to bring about the fall of a congregation.


## 1. PROBLEEMSTELLING

Die doel van hierdie artikel is om die metodes wat die Satan in die kerk van Christus gebruik, te identifiseer soos dit in Openbaring 2 en 3 aan die orde

* Prof A H Grove, Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale, Fakulteit Teologie, PU vir CHO, Potchefstroom; en Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

kom,[1] en daarop te wys dat hy nog steeds van hierdie metodes gebruik maak in die samelewing van vandag, maar op 'n eietydse wyse.[2]

*Hoe* hy te werk gaan, is soms voor die hand liggend en maklik identifiseerbaar, byvoorbeeld waar sy werksaamheid beskryf word met woorde soos "sê" (Gen 3:4), "aanhits" (1 Kron 21:1), "aankla" (Sag 3:1) en "invaar" (Luk 22:3). Hy bedien hom egter van sekere *metodes*[3] om sy planne deur te voer.

Omdat hy dikwels dieselfde metode gebruik, is dit moontlik om daardie metode te ontmasker en te antisipeer. Uit Genesis 3:4, Matteus 4:6 en Johannes 8:44 blyk byvoorbeeld dat hy dikwels van die leuen gebruik maak. Ander kere weer is dit nie so eenvoudig om die metode wat hy gebruik te peil nie – soos toe hy op Job toeslaan en Judas Iskariot in sy greep gekry het (Vosloo 1992:394).

Kragtens Efesiërs 2:1-2 kan elke sonde aan die Satan gekoppel word (Recker 1971:139-140; Ridderbos 1971:94-95; Calvijn 1972:23), asook aan die verdorwenheid van die mens.[4] Die Satan loods op een of ander manier 'n aanval op elke gelowige (Perry 1990:107, 109, 111). En in die lig van Johannes 8:44 en 1 Johannes 3:10 maak Foerster (1971b:162) die uitspraak: "The relation of the devil to man is that of father to child... he determines man's whole being." Die Satan is dus werksaam selfs al word sy naam nie *expressis verbis* genoem nie – soos in die boodskappe aan Sardis en Laodisea. Een van die gevaarlikste karaktertrekke van die Satan is om sy vyand hom te laat onderskat (Kuhn 1971:48-49). Die duiwel is 'n meester in die kuns om te bedrieg (Calvijn 1971a:400). Volgens Matteus 7:15 en 2 Korintiërs 11:14 is sy *modus operandi* juis om hom anders voor te doen as wat hy werklik is.

1 Verskeie motiewe kom in Openbaring 2 en 3 aan die orde, soos die eskatologiese, juridiese, ekklesiologiese, christologiese, pneumatologiese, missiologiese, homiletiese asook 'n antitetiese motief. As 'n onderdeel van die antitetiese motief manifesteer die werksaamheid en die metodes van die Satan hom (Grové 1982:281-294). Elders in Openbaring word die werk van die Bose ook onder die loep geneem. Openbaring 12 en13 handel onder andere besonderlik daaroor. In hierdie artikel word egter spesifiek gefokus op die metodes van die Satan in Openbaring 2 en 3.

2 Met 'n rekenaargebaseerde soektog kon geen bronne opgespoor word wat eksplisiet handel oor die metodes wat die Satan gebruik nie. Die volgende databasisse is gebruik: (1) Religious and theological abstracts (2) Religion index (3) Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels (4) Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge. Geen kommentare/navorsers kon gevind word wat eksplisiet oor die metodes van die Satan in die kerk in Openbaring 2 en 3 handel nie.

3 Hoewel die frase τὰς μεθοδείας τοῦ διαβόλου in Efesiërs 6:11 gewoonlik met die lis van die duiwel geassosieer word, toon Michaelis (1970:102-103) aan dat μεθοδεία ook met metode of prosedure in verband staan.

4 Vergelyk Perry (1990:106, 107, 111) en Vosloo (1992:395) vir 'n bespreking van die verhouding tussen die mens se verantwoordelikheid en die Satan se werk.

Woorde en frases soos "leuenaars" (Op 2:2), "kwaadstokery" (Op 2:9), "sinagoge van die Satan" (Op 2:9; 3:9), "duiwel" (Op 2:10), "troon van die Satan" (Op 2:13), "verlei" (Op 2:20) en "diep geheimenisse van die Satan" (Op 2:24) laat blyk dat die Satan op die kerk van Christus in Klein-Asië toegeslaan het. Dit wil voorkom - en dít word ook in hierdie artikel ondersoek - of hy sy metodes ***aanpas, afwissel*** en ***individualiseer*** na gelang van omstandighede. Omdat die stede waarin elkeen van die sewe gemeentes in Klein-Asië geleë was van mekaar verskil, is die sosio-historiese en godsdienstige omstandighede van elke gemeente gevolglik ook verskillend. Daarom sal vervolgens gepoog word om aan te toon waarom die Satan op 'n spesifieke plek van 'n sekere metode gebruik gemaak het (Morris 1969:57).

Myns insiens meen Foerster (1971a:73) tereg dat die Satan se optrede saamhang met sy wese soos verwoord in die naam διάβολος (Op 2:10). Volgens De Bondt (s a:120) en Foerster (1971a:72) het dié naam te doen met dinge uit mekaar dryf wat bymekaar hoort. Verder hang die naam σατανᾶς saam met ***teenstander*** en ***vyand*** (Hiebert 1980:282; Vosloo 1992:393), en as sodanig tree die Satan teenoor Christus en sy kerk op – ook in die sewe gemeentes. Die Satan het dus 'n oorkoepelende doel wat hy in elke gemeente in Klein-Asië wil bereik.

## 2. EFESE

In Openbaring 2:2-3 kom die stand van sake in die gemeente in Efese asook die metode van die Satan daar aan die lig.

### 2.1 Die gemeente in Efese

Nieteenstaande hewige teenstand wat die gemeente van Efese ondervind het (Hand 19:9-40, 20:29-30), word nogtans verskeie konstruktiewe dinge oor hulle gesê (Op 2:2,3). Enersyds het hulle positief konstruktief gewerk, en andersyds negatief konstruktief.

#### Positief: Waarheid handhaaf

Dat dié gemeente ***ondersoek ingestel het*** (ἐπείρασας, Op 2:2) na diegene wat hulle valslik as apostels voorgedoen het, word geïnterpreteer as dat hulle die waarheid gehandhaaf het en hulle geloof uitgeleef het (Greijdanus 1973:51). Hulle móés eenvoudig volhard – en hulle hét inderdaad volhard (τὴν ὑπομονήν σου, Op 2:2) – om staande te bly teen die vyandigheid van die Jode en die heidene (Lenski 1963:84; Hauch 1971:585).

Verder het die gelowiges baie vir die Naam van Christus verduur (ἐβάστασας διὰ τὸ ὄνομά μου, Op 2:3). Dit wil sê hulle moes baie ontbeer ter

wille daarvan om die waarheid van die evangelie uit te leef (De Moor 1926:40-41; Bauer 1957:137).

### Negatief: Weer leuen uit hulle midde

Dié gemeente het ook negatief konstruktief opgetree: Nie alleen het hulle ondersoek ingestel na diegene wat hulle valslik as apostels voorgedoen het nie, maar hulle het ook die kwaad verwerp (οὐ δύνῃ βαστάσαι κακούς, Op 2:2; Greijdanus 1973:52). Hulle het hulle nie laat meesleur deur valse leringe nie omdat hulle aan die waarheid veranker het.

Dus: die gemeente in Efese het soveel as wat dit binne hulle vermoë was alles in die stryd gewerp vir die suiwere handhawing van die *waarheid* en om die *leuen* uit hulle midde te weer.

## 2.2 Die metode van die Satan: leuen

Die Satan opereer in die gemeente van Efese met die leuen, en hy stel die leuen op twee maniere aan die orde:

### Sy spreekbuise is vals

Daar is mense in die gemeente aan die werk wat voorgee wat hulle nie is nie (τοὺς λέγοντας ἑαυτοὺς ἀποστόλους καὶ οὐκ εἰσίν, Op 2:2). Hierdie mense is valse apostels[5] en die Satan gebruik hulle as sy instrumente. Paulus het die gemeente in Efese reeds in Handelinge 20:30 gewaarsku dat die Satan se handlangers soos wolwe onder die gemeente sal inkom (Greijdanus 1973:52; Ladd 1972:38). Hy maak - soos Christus - van die prediking van apostels gebruik, maar van *vals* apostels.

### Die inhoud van sy boodskap is leuens

Die valse apostels gee voor dat hulle boodskap die waarheid is, maar dit is leuens (εὗρες αὐτοὺς ψευδεῖς, Op 2:2). In Handelinge 20:30 word διαστρέφω

5 Die gemeente van Efese haat die werke (ἔργα) van die Nikolaïete (Op 2:6). Dit wil voorkom of hulle nie met die leer (διδαχή) van die Nikolaïete te doen gehad het soos die gemeente van Pergamum (Op 2:15) nie en dat die Nikolaïete nie 'n aggressiewe aanslag op die gemeente van Efese met hulle dwaalleer gemaak het nie (Lilje 1955:70). Barnes (1855:82), Baljon (1908:30), Charles (1920:50), Farrer (1964:71) en Harrington (1969:84) identifiseer die valse apostels met die Nikolaïete. Vir sodanige identifikasie bestaan geen bewys in Openbaring 2:1-7 nie. Selfs Greijdanus (1973:53-54) se versigtige standpunt: "Of deze Nicolaïeten dezelfde zijn, als in vs 2 genoemde kwaden en valse apostelen, is waarschijnlijk, hoewel niet met stelligheid te zeggen valt" kan nie uit Openbaring 2:1-7 geverifieër word nie.

gebruik om die aktiwiteit van die valse leraars aan te dui. Hulle gee 'n verdraaide weergawe van die waarheid (Bauer 1957:188). Soos wat die Satan sy eie identiteit verdraai, so verdraai hy die waarheid en wil hy die gemeente wegdraai van die waarheid af (Barnes 1855:82). Hierdie metode om die Woord van God te verdraai, het die Satan voorheen ook al gebruik by Adam en Eva (vgl Gen 3:1 en 4 met Gen 2:16-17), Ananas en Saffira (Hand 5:4) en Christus (vgl Ps 91:11-12 met Matt 4:6; Calvijn 1971b:236; Grosheide 1954:56).

## 2.3 Die Satan se leuen-metode vandag

Christus is die waarheid (Joh 14:6) en die Satan is die vader van die leuen (Joh 8:44; Conzelmann 1975:602). Daar is 'n vyandigheid tussen die magte van die leuen en die mag van die waarheid (Gen 3:15). Die Satan beveg die waarheid met die leuen omdat die leuen die absolute teenpool van die waarheid is. Die een het absoluut niks met die ander te doen nie en staan in antitese teenoor mekaar (soos blyk uit 1 Kor 10:21; 2 Kor 6:16; Jak 4:4). Op verskillende plekke waarsku Christus sy kerk teen die Satan (Ef 4:27, 6:11-12; Jak 4:7; 1 Pet 5:8). Hierdie waarskuwing geld vir sy kerk oor alle eeue. Daarom kan elke gemeente en elke mens wat hom vandag steeds hou aan die waarheid van die Woord van God te wagte wees dat die Satan hom met die leuen sal probeer verlei weg van die waarheid af.

Wanneer

- 'n owerheid hom aan korrupsie skuldig maak, met verskuilde agendas onderhandelings voer en wette maak wat strydig is met die Woord van God (bv oor aborsie en die doodstraf)
- die geskrewe en elektroniese kerklike en sekulêre media verkeerde, onvolledige of skeefgetrekte feite deurgee
- politieke en teologiese publikasies die lig sien wat valse verwagtings by mense op sosiale, politieke en godsdienstige gebied skep
- 'n sakeman met valse voorwendsels en op oneerlike wyse sake bedryf
- valse leerstellings wat nie die toets van die Woord van God kan deurstaan nie, en gebruike en tradisies wat tot beginsels verhef word, in die kerk ingevoer word
- man en vrou in hulle huwelik oneerlik met mekaar is en mekaar verkul
- ouers hulle kinders opvoed en dinge leer wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, dan het die Satan dáár met sy leuen-metode toegeslaan en – al is dit in hoe 'n geringe mate – geslaag.

'n Christen kan die aanslag van die Satan met die leuen slegs met die waarheid van die evangelie beveg deur dié waarheid konsekwent leerstellig te handhaaf en in die praktyk uit te leef (Perry 1990:110).

# 3. SMIRNA

Ten einde die metode van die Satan in die kerk in Smirna te omskryf, word eers op enkele tersaaklike fasette in die gemeente self gelet.

## 3.1 Die gemeente in Smirna

Christus roep hierdie gemeente op om getrou te bly tot die dood toe (γίνου πιστὸς ἄχρι θανάτου, Op 2:10). Die praesens imperatief[6] γίνου (Op 2:10) impliseer dat dié gemeente tans reeds getrou is tot die dood toe en dat hulle bemoedig word om voortaan en enduit daarmee voort te gaan (Blass & Debrunner 1961:172; Mounce 1980:94). Christus se oorwinning oor die dood (Op 2:8) is die waarborg dat die gelowiges in Smirna volstrek nie (οὐ μὴ ἀδικηθῇ, Op 2:11) in die tweede dood (d i die hel, Op 20:14; 21:8) skade sal ly nie (Morris 1969:65; Greijdanus 1973:58). Hierdie gemeente het met die vooruitsig op die ewig lewe 'n lewendige toekomsverwagting gehad. Die gemeente van Smirna het dus in die praktyk van hulle lewe bewys gelewer dat hulle nou reeds deel het aan die oorwinning van Christus oor die dood. Juis hulle ondergaan egter 'n geweldige aanslag van die kant van die Satan wat hulle dood wil hê (Holwerda 1953:37).

## 3.2 Die metode van die Satan: verdrukking en leuen

Die werk van die Satan word prominent in Openbaring 2:9-10 aan die orde gestel met die volgende woorde: θλῖψιν (verdrukking), πτωχείαν (armoede), βλασφημίαν (kwaadstokery), πάσχειν (ly), βάλλειν...φυλακὴν (gooi in tronk) en πειρασθῆτε (beproewing). Verdrukking besktyf die oorkoepelende aktiwiteit van die Satan in Smirna en dit vind neerslag in lyding, armoede, lastering en gevangenskap (Louw & Nida 1989a:783).

### Verdrukking

Aangesien die Satan se antitetiese optrede teenoor die kerk 'n prominente plek in die perikoop het, is die Satan se optrede die grondoorsaak van die verdrukking in Smirna (Pohl 1973:199; Groenewald 1986:53). Verdrukking het prakties vir die gemeente beteken dat hulle deur die Jode in die

6 Volgens Blass & Debrunner (1961:172) geld: "Present imperative... Something already existing is to continue". Die 1983-Nuwe Vertaling van die Bybel het die praesens impertatief γίνου (Op 2:10) derhalwe soos volg weergegee: "Bly getrou".

tronk gegooi is (Op 2:10; Wall 1991:73) en gevolglik nie 'n permanente staanplek en *lewensruimte* in daardie samelewing gehad het nie.

## Armoede

Die kerk in Smirna was stoflik arm. πένης verwys na diegene wat niks oorbodig of ekstra het nie, terwyl πτωχός diegene beskryf wat absoluut niks het nie - 'n feit wat impliseer dat die lidmate van die gemeente in Smirna uitermate arm was (Morris 1969:63-64; Louw & Nida, 1989a:564), en, soos in die geval van Job (Job 1-2), hulle *lewensmiddele* ontneem is.

## Kwaadstokery

Dié aktiwiteit van kwaadstokery (βλασφημία) word in Openbaring 2:9 per implikasie aan die werk van die Satan toegedig: op verskillende plekke in Openbaring blyk dit dat lastering van die kant van die Satan kom en dat dit primêr teen Christus self gerig is (Op 13:1,5,6; 16:9,11,21; 17:3; Pohl 1973:117; Sweet 1979:85; Lohse 1993:121). Lastering het soms vir die gelowiges in Smirna op die dood uitgeloop soos in die geval van Polikarpos (Matter 1960:481; Woolley 1980:815, Horn 1994:149-150).

## Lyding

Die oorsprong van die lyding in die gemeente blyk die werk van die duiwel te wees wat party in die tronk gaan gooi (Op 2:10).

## Beproewing

Die duiwel bewerkstellig dit só dat lidmate van die kerk in die gevangenis gegooi sal word, met die gevolg dat hulle in beproewing kom (ἵνα πειρασθῆτε, Op 2:10). Die rede waarom Christene in die tronk beland het, was as gevolg van hulle geloof in Christus (Mark 13:9; Hand 4:3). Só was dit ook met die Christene in Smirna (vgl γίνου πιστὸς, Op 2:10).

Verskillende navorsers (w o Baljon 1908:33; Caird 1966:35; Hendriksen 1973:65; Ladd 1972:44) wys daarop dat tronkstraf onder die Romeine met marteling en honger gepaard gegaan het en dikwels op die dood uitgeloop het. Neem hiermee saam dat volgens Hoeksema (1974:77) die in-die-tronk-gooi-handeling van die Satan simbolies is vir die ewige dood waarheen die Satan met die gelowiges mik. Die Satan toon dus 'n moordenaarsgestalte (soos deur Jesus aangewys in Joh 8:44) en soek die ondergang van die kerk. Hy ontneem nie alleen die lidmate van die kerk hulle hulle *lewensruimte* en *lewensmiddele* nie, maar ook hulle *lewe* self.

### Leuen

Die Satan gebruik die leuen (τῶν λεγόντων Ἰουδαίους εἶναι ἑαυτούς, καὶ οὐκ εἰσὶν, Op 2:9) as 'n sekondêre metode om die gelowiges te belaster (Tenney 1958:59) – met ander woorde om aan sy hoofmetode van verdrukking gestalte te gee. Die leuen is aangevuur deur die Jode, maar hulle is deur Christus ontmasker as 'n "sinagoge van die Satan". Die Satan het die geledere van die Jode geïnfiltreer en as sy instrumente gebruik.

Die verdrukking wat die Satan inisieer, het in die gemeente in Smirna prakties daarop uitgeloop dat hulle stoflik, liggaamlik, psigies en fisies gely het, belaster en beproef is.

## 3.3 Die verdrukkingsmetode van die Satan vandag

- Wanneer 'n lidmaat van die kerk vandag sy geloof uitleef in die praktyk van sy lewe – soos in die kerk in Smirna – deur op 'n eerlike wyse sy sakebedrywighede te beoefen, sy werk te doen en as Christen sy lig te laat skyn, en daar word om dáárdie rede teen hom gediskrimineer sodat by byvoorbeeld nie 'n kontrak kry nie of sy werk verloor en hy verval in armoede, dan het die werk van die Satan met sy metode om te verdruk daar iets mee te doen.
- Die inkorting van Christelike onderrig van kinders op skool en godsdienstige uitsendings oor radio en televisie, kan gesien word as deel van die Satan se strategie om die lewensruimte van die kerk te verklein as die kerk sy getuienisroeping wil uitvoer.
- Waar 'n owerheid wette maak wat die Christelike godsdiens verban en met gevangenisstraf strafbaar is (soos in Islamitiese lande), vind die verdrukkingsmetode van die duiwel konkreet gestalte. Wanneer heidene – wat met die leuen opereer – in 'n owerheid wette formuleer, het die Satan dáár met hierdie metode 'n aanslag geloods.

Wanneer 'n gelowige gebuk gaan onder armoede, kwaadstokery en die leuen kan hy dié aanslag van die Satan die hoof bied deur soos die gemeente in Smirna aan Christus getrou te bly tot die dood (Op 2:10) en aan sy beloftes vas te hou – beloftes waarin Christus aan sy kind 'n ewigheidsperspektief gee. Die gelowige hoef hom nie blind te staar teen tydelike en stoflike terugslae nie.

# 4. PERGAMUM

In die stad Pergamum is heidense godsdienste op 'n baie aggressiewe manier beoefen (De Moor 1926:62; Morant 1969:85; Hoeksema 1974:87).

## 4.1 Die kerk in Pergamum

Daar was baie sterk sosiale en religieuse druk op die Christene om Christus te verwerp, én om aan die afgode te offer en die keiser as god te aanbid (Ladd 1972:46; Mounce 1980:97). Ten spyte van lewensgevaar (Antipas is doodgemaak, Op 2:13) en die vyandigheid van die Satan teen die kerk in Pergamum, het die gemeente vasgehou (κρατέω, Op 2:13) – in die sin van 'n stewige greep hê en krampagtig vasklem (Louw & Nida 1989b:146) – aan die Naam van Christus en hulle geloof in Hom nie afgesweer nie (Barnes 1855:98; Greijdanus 1973:60). Die keuse waarvoor hulle te staan gekom het, was radikaal: "hun geloof, óf hun leven" (Greijdanus 1973:60). 'n Besonder sterk antitetiese aksie word derhalwe in Openbaring 2:13 deur κρατέω beskryf (Mounce 1980:97).

Die gemeente het in ooreenstemming met die antitetiese optrede van Christus teen godsdienstige vermenging opgetree en verseg om 'n kompromie aan te gaan met valse leerstellings waar dit die Naam van Christus en hulle geloof in Hom raak. Hulle het geweier om, soos die heidene in Pergamum, die keiser as κύριος te erken en het net Christus as κύριος erken (Swete 1906:34). Tog het hulle ander valse leerstellings verdra en kompromieë daarmee aangegaan – in soverre dit byvoorbeeld die eet van offervleis en heilige prostitusie betref (Op 2:14; Ellul 1977:132).

Die gemeente in Pergamum het dus in twee rigtings probeer vashou: enersyds aan hulle geloof in Christus en andersyds aan 'n valse leer (net soos Israel in die tyd van Bileam, Num 22).

## 4.2 Die Satan se metode in Pergamum: geweld en sinkretisme

In Pergamum gebruik die Satan meer as een metode (Op 2:13-15) om die gees van antitese met die heidendom in die kerk te verbreek en die gelowiges in die dood (liggaamlik en ewig) te laat beland, naamlik *geweld* en *sinkretisme*.

### Geweld

Waar hy in Smirna die lidmate laat verarm het en hulle in die tronk laat beland het, maak hy hulle in Pergamum dood. Antipas se dood word direk gekoppel aan die feit dat hy "my getroue getuie" (Op 2:13) was. Hoedanig

'n getroue getuie is, word in Openbaring 2:13 gedefinieer as iemand wat aan die Naam van Christus vasgehou het en Hom nie verloën het nie. Die mensemoordenaar (Joh 8:44) het as teiken die getroue getuies van Jesus in sy kerk (Atkinson s a:30-31; Swete 1906:34-35; Mounce 1980:97).

Dus: wanneer 'n lidmaat van die kerk vasstaan in sy geloof in Jesus Christus, kan dit gebeur dat die Satan met sy geweldmetode toeslaan.

## Sinkretisme

Wanneer by 'n kerk enersyds geloofstandvastigheid en antitese met betrekking tot valse leerstellings, en andersyds die aangaan van kompromieë aanwesig is, bestaan die moontlikheid dat die duiwel sy metode van sinkretisme, wat ook sy Bileam-metode genoem kan word, gebruik. In Pergamum het hy naamlik sekere lidmate sover gekry dat hulle die *leer van Bileam aanhang* (Op 2:14).

Wanneer die Skrif die Bileam-metode verbind aan die volgende begrippe: ontrou (מעל, Num 31:16), waarsêer (הקוסם, Jos 13:22), die regte (reguit, εὐθύς) pad verlaat (καταλείπω, 2 Pet 2:15) , ongeregtigheid liefhê (ἀδικία, 2 Pet 2:15) en verlei (πλάνη, Jud:11; πλανάω, 2 Pet 2:15) dan blyk dit dat die dwaalleer van Bileam die Satan (ὁ πλανῶν, Op 12:9) se werk is om die gelowige in sonde te laat val met hierdie metode (Tenney 1958:60; Hoeksema 1974:90).

As die Satan met geweld (Num 21:10-20; 22:2, 3) nie 'n bres tussen die gelowiges en Christus kan inslaan nie, dan probeer hy 'n ander taktiek: Met sy beproefde Bileam-metode, poog hy om op 'n geraffineerde en verleidelike manier die gees van antitese te verbreek (Holwerda 1953:56; Pohl 1973:66). Bileam knak Israel in hulle trou aan God deur hulle tot die *afgodery en hoerery* van die heidense Moabiete te verlei (Num 25:1; 31:16).

Wat die Satan met geweld nie kon regkry nie, het hy deur 'n valse leer (τὴν διδαχὴν Βαλαάμ ὃς ἐδίδασκεν τῷ Βαλὰκ, Op 2:14) bereik, en dít het etiese implikasies tot gevolg gehad wat tot wanpraktyke gelei het. Die Satan het Israel van God afvallig gemaak deur die illusie dat Israel God kan bly dien, maar tegelyk ook kan heul met die afgodiese praktyke van die heidene (φαγεῖν εἰδωλόθυτα καὶ πορνεῦσαι, Op 2:14). Hy het die antitese verbreek en ontlont deur sintese (Greijdanus 1973:61). Die Satan wil met hierdie metode dat die kerk nie geheel en al met die wêreld breek nie. Bileam kan beskou word as die vader van die godsdienstige sinkretisme (Caird 1966:39).

### 4.3 Die Bileam-metode vandag

Wanneer die gelowiges aan God vashou, herinner die Here sy volk gedurig in die geskiedenis daaraan dat die Satan in die verlede hierdie gevaarlike metode gebruik het om hulle sodoende in die hede daarteen te waarsku (Deut 23:4; Jos. 13:22; 24:9, 10; Miga 6:5; 2 Pet 2:15; Jud :11). Wanneer 'n lidmaat van die kerk 'n godsdienstige tweeslagtigheid – in sy leer en lewe – vertoon, het die Satan reeds met sy Bileam-metode op hom toegeslaan:

- Iemand kan nie beweer dat hy 'n lidmaat van die kerk is, maar dat hy nie deel in die eredienste nie. 'n Lidmaat kan nie Sondae sy geloof saam met ander gelowiges bely, maar in die week 'n onsedelike lewe voer nie.
- Iemand kan nie sê hy erken die heerskappy van God oor hom, maar hy hou hom nie aan Bybelse beginsels met betrekking tot die hantering van sy stoflike goed (byvoorbeeld deur te dobbel), sy huwelik en sedelike lewe, sy taalgebruik, die opvoeding van sy kinders en gehoorsaamheid aan die owerheid nie.
- Iemand wat die Tradisionele Afrikagodsdienste aanhang, kan nie aan sy voorvaders offer en dan dié seremonie met 'n gebed aan God die Vader afsluit nie.

Wanneer 'n lidmaat van die kerk met hierdie Bileam-metode van die Satan gekonfronteer word, kan hy dit teenstaan en effektief weerstaan deur die antitese met die leuen van die Satan te handhaaf en getrou aan die Naam van Jesus Christus en die Woord van God vas te hou.

## 5. TIATIRA

In die gemeente in Tiatira was die Satan met sy Isebel-metode werksaam. Christus getuig positief en negatief oor die gemeente: Die positiewe getuienis oor die kerk handel oor hulle werke en gee die omstandighede waaronder die Satan toeslaan (Op 2:19), terwyl die negatiewe oor die feit handel dat hulle die vrou Isebel laat begaan het en die metode van die Satan belig (Op 2:20-23).

### 5.1 Die kerk in Tiatira

Die gemeente het in hulle lewenspraktyk (ἔργα, Op 2:19) uiting gegee aan hulle verankering aan Christus deur hulle liefde (ἀγάπη) vir God en hulle naaste, hulle geloof (πίστις) in Christus en diensvaardigheid (διακονία) teenoor mekaar. Verder het hulle volhard (ὑπομονή) om hulle geloof uit te leef ondanks die aanslae van Isebel op hulle (Bauer 1957:393; Morris 1969:70; Hendriksen 1973:72). Tewens, daar is progressie in die uitleef van hierdie dinge.

## 5.2 Die metode van die Satan in Tiatira: leuen en geen kompromie

In Openbaring 2:20-23 rig Christus 'n negatiewe vermaning aan die gemeente. Die rede vir dié vermaning sentreer in die feit dat die gemeente Isebel laat begaan (ἀφίημι, Op 2:20) het. Dit blyk dat deur Isebel se toedoen dwaalleringe 'n vastrapplek in die gemeente gekry het.

Isebel is as 'n valse profeet geag: sy toon haar valsheid daarin dat sy haarself 'n profetes noem terwyl 'n ware profeet deur God geroep word (Morris 1969:71). Verder het sy die kerk probeer verlei (πλανάω, Op 2:20). Benewens Openbaring 2:20 word πλανάω ook nog in Openbaring 12:9, 13:14, 18:23, 19:20 en 20:3, 8, 10 gebruik om die werksaamheid van die Satan/duiwel/demone/draak te beskryf. Aangesien *verlei* in Openbaring 2:20 enersyds vir die werk van Isebel as valse profeet gebruik word, en andersyds dié werk van Isebel ook nog gekoppel word aan die Satan (2:24), kan die afleiding gemaak word dat Isebel gebruik is as instrument waardeur die Satan optree.

Isebel in Openbaring 2:21 is waarskynlik simbolies vir die slegte en dit wat boos is (Morris 1969:70; Hemer 1986:128). Navorsers (vgl Greijdanus 1973:69; Mounce 1980:106; Van der Waal 1981:103-104) is dit eens dat onder "diep geheimenisse van die Satan" (τὰ βαθέα τοῦ Σατανᾶ, Op 2:24) die totale aanslag van die Satan (via Isebel) by die gildefeeste verstaan behoort te word.

Deelname aan die plaaslike godsdienstige praktyke was klaarblyklik een van die kriteria vir lidmaatskap van 'n handelsgilde (Mounce 1980:103). Dit blyk dat Isebel en haar profete juis op grond hiervan druk op die Christene kon plaas om hulle tot hoerery en die eet van afgodsoffervleis te verlei (Charles 1920:69; Hendriksen 1973:71). Daar was vir die gelowige in Tiatira 'n skerp omlynde keuse: óf lidmaat van die kerk, óf lid van 'n gilde; óf jy erken die heerskappy van Christus oor jou, óf jy verloën dit en jy aanbid die afgod Tirimnos (Greijdanus 1973:65).

Dit blyk dat Isebel in Tiatira dieselfde karakter geopenbaar het as wat die Ou-Testamentiese Isebel gehad het.[7] Isebel in die Ou Testament het nie so iets soos 'n kompromie tussen die Here en Baäl geken nie (Lilje 1955:85; Odeberg 1972:217).[8] Volgens die Ou Testament het Isebel nie vir 'n

7 Die stelling van Wall (1991:78) dat die profetes Isebel verband hou met "the gnosticizing Nicolaitans at Ephesus and Pergamum" vind geen eksegetiese begronding nie.

8 Sommige navorsers (De Moor 1926:77; Caird 1966:44-45; Morris 1969:71; Greijdanus 1973:70; Barclay 1976:102; Mounce 1980:102; Groenewald 1986:58) neem nie die Ou-Testamentiese situasie in ag nie en lei verkeerdelik af dat Isebel by die kerk in Tiatira die strategie gevolg het om 'n kompromie tussen die Christelike godsdiens en heidense gebruike aan te gaan.

oomblik geskroom om die profete van die Here(!) uit te roei nie (1 Kon 18:4,13; 19:1) en om 'n lid van die volk van God (Nabot) wat in die pad van haar ideale gestaan het, dood te maak nie (1 Kon 21:13). Sy was 'n heiden (1 Kon 16:31) wat aggressief die Baälgodsdiens in Israel gepropageer het (1 Kon 16:31; 18:19; Mounce 1980:103). Isebel wou die Jahwe-aanbidding uitroei en die heerskappy van God wat Hy deur sy Woord uitvoer, neutraliseer (Keil & Delitzsch s a:241; Greijdanus 1973:66), én die Baälgodsdiens in die plek daarvan invoer en vestig (Barnes 1855:107). Sy wou die ware godsdiens vervang met 'n valse godsdiens (Charles 1920:70) en kan dus beskou word as anti-God en pro-Baäl (Wall 1991:79). Sy erken slegs vir Baäl as god en misken die soewereine heerskappy van God (Culver 1980:589-590). Dat Isebel 'n nie-kompromiterende leer (διδάσκω, Op 2:20) voorgestaan het, blyk eweneens uit Openbaring 2:21: "en sy het haar nie bekeer nie" (Morris 1969:72).

Dus: die Satan het met die leuen en die metode van geen kompromie in die gemeente in Tiatira gewerk.

## 5.3 Die aanslag van die Satan van geen kompromie vandag

In Tiatira het die Satan met 'n baie getroue gemeente te doen gekry, en juis by hulle gebruik hy 'n onbuigsame metode. Soos die lidmate van Tiatira kan gelowiges vandag eweneens te wagte wees dat die Satan hulle voor radikale keuses te staan sal bring:

- Sakemanne word soms gekonfronteer met óf om een of ander omkoopgeskenk te gee en sake te doen met 'n onderneming, óf 'n transaksie of kontrak te verloor.
- 'n Gelowige akteur gebruik óf die Naam van die Here in die toneelstuk en kry die rol, óf weier om dit te doen en staan die rol – en daarmee saam sy lewensonderhoud – af.
- 'n Skolier bemeester óf die godslasterlike gedig wat voorgeskryf is en kry die nodige krediet, óf weier om dit as Christen te doen en verbeur die punte.
- 'n Kind word op skool gedwing om aan 'n kaartjieverkopery met 'n dobbelinslag deel te neem, óf hy word gebrandmerk as een wat nie sy samewerking in die skool wil gee nie.

Wanneer 'n gelowige met sulke onkompromiteerbare situasies te doen kry, was die Satan met sy Isebel-metode werksaam. Met hierdie metode word die Christen gedwing om tot sy eie nadeel dinge te doen wat teen die wet van God is.

Soos die gemeente in Tiatira moet elke gelowige vandag getrou bly aan die waarheid om hom in 'n besliste antitetiese wyse te posisioneer teenoor die onkompromiteerbare situasies waarin die Satan die Christen soms plaas.

# 6. SARDIS

Kragtens Efesiërs 2:1-2 en 6:12 en 16 sowel as 1 Petrus 5:8 kan aanvaar word dat die duiwel inderdaad in die gemeente van Sardis - soos in enige ander kerk - aan die werk was (Foerster 1971b:162). Aangesien die naam Satan of duiwel, en selfs enige werksaamheid van die Satan nie eksplisiet in Openbaring 3:1-6 genoem word nie, kan die aktiwiteit van die Satan in Sardis hoogstens gerekonstrueer word. Gevolglik word na sekere aspekte rakende die kerk in Sardis gekyk.

## 6.1 Die gemeente in Sadis

Openbaring 3:1-2 gee insae in die godsdienstige toestand van die gemeente.

### Lewe en tog dood

Die frase "Jy het die naam dat jy lewe, maar jy is dood" (ὄνομα ἔχεις ὅτι ζῇς καὶ νεκρὸς εἶ, Op 3:1) laat blyk dat die lewe wat dié gemeente gevoer het, slegs uiterlik en skyn was, slegs lippetaal sonder 'n lewe wat hulle geloof bevestig. Soos die vyeboom van Matteus 21:19 het die gemeente in Sardis baie blare maar geen vrugte nie.

### Word wakker

Die opdrag "Word wakker" (γίνου γρηγορῶν, Op 3:2) stel die gevolg van die sonde van die gemeente – soos beskryf in Openbaring 2:1. Die praesens partisipium γρηγορῶν verwoord die gedagte om wakker te bly omdat daar vir dié gemeente 'n noodsaak bestaan om op hulle hoede te wees (Louw & Nida 1989a:260). γίνου γρηγορῶν is 'n perifrastiese praesens imperatief, en dit dui - spesifiek saam met die werkwoord γίνου - die begin van 'n handeling aan (Blass & Debrunner 1961:180; 1990:287). Omdat die gemeente nie waaksaam is nie, kry hulle die opdrag dat hulle van nou af waaksaam moet wees en daarmee moet volhou[9] (De Moor 1926:87; Groenewald 1986:63). Met ander woorde die kerk se doodsheid bestaan daarin dat hulle nie waaksaam is nie.

9 As 'n meer beskrywende vertaling vir γίνου γρηγορῶν kan die volgende moontlik gebruik word: Wees van nou af (voortdurend) waaksaam/op julle hoede! (Lenski 1963:128; Pohl 1973:139).

Die oproep γίνου γρηγορῶν word dikwels in eskatologiese konteks gebruik, soos in die waaksaamheidsgelykenisse in Matteus 24:42 en 25:13. Net soos in Openbaring 3:3 word γρηγορῶν dáár deur die dief-motief (Matt 24:43) verklaar (Lohse s a :45; White 1980:901; Oepke 1985a:195). Deur nie rekening te hou met die terugkoms van Christus nie, het die gemeente hulle op dieselfde vlak as die ongelowiges geplaas en geen toekomsverwagting meer gehad nie. Die terugkoms van Christus het geen rol meer in hulle alledaagse lewe gespeel nie (Barnes 1855:114; Bremmer 1959:18).

Die stad Sardis is as oninneembaar beskou en tog is dit twee keer ingeneem (nl in 549 en 218 vC) vanweë 'n gebrek aan waaksaamheid op militêre gebied (Blaiklock 1980b:278). Eweneens het hulle gebrek aan waaksaamheid op godsdienstige gebied vir hulle konsekwensies: Christus sal onverwags kom. Die gees van selfgenoegsaamheid wat hom meester gemaak het van die stad, het ook 'n deurslaggewende stempel afgedruk op die kerk. In hierdie sin het daar verwêreldliking by die gemeente van Sardis ingetree (Charles 1920:78; Mounce 1980:109).

## 6.2 Metode van die Satan

'n Welomlynde metode word nie by Sardis aangegee nie. Weliswaar kom spore wat elders eksplisiet na die Satan se optrede teruggevoer kan word, tog in die gemeente in Sardis voor - soos die leuen, valsheid en vyandigheid. Slegs die eindresultaat van sy werk word gesien. In soverre as wat dit geldig is om die aanwesigheid van sodanige dade in 'n spesifieke situasie aan die Satan toe te skryf, blyk dit dat die duiwel wel in Sardis werksaam was. Daar kan dus hoogstens by implikasie sekere spore van die Satan se metode gerekonstrueer word.

### Leuen

Die gemeente gee voor dat hulle lewe (ὄνομα ἔχεις ὅτι ζῇς,Op 3:1). Hulle lewe dus 'n leuenlewe. Sodanige leuenlewe is moontlik 'n direkte gevolg van die werk van die Satan, die vader van leuen (Joh 8:44).

### Dood

Die gemeente lyk of hulle lewe, maar in werklikheid is hulle godsdienstig dood (καὶ νεκρὸς εἶ, Op 3:1). In Johannes 8:44 en Hebreërs 2:14 word die dood in 'n nou verband met die werk van die duiwel gebring. Die godsdienstige doodsheid in die kerk in Sardis is dus waarskynlik die werk van die duiwel.

### Geen toekomsverwagting

Die kerk in Sardis het geen toekomsverwagting gehad nie. Hulle het Christus nie terug verwag nie. Op 'n ander vlak het die Satan dieselfde doelwit voorheen ook al probeer bereik: met die versoekings het hy probeer keer dat Christus sy Messiaanse werk voortsit (Matt 4:1-10). Net so gebruik hy Petrus (Matt 16:23) om te probeer keer dat Jesus met sy versoeningswerk voortgaan om die ewige lewe te verwerf. Moontlik het die Satan eweneens in Sardis die gemeente se toekomsverwagting versmoor.

### Roeping

Die gemeente het vanweë selfgenoegsaamheid geen roepingsbesef gehad nie. Hulle was - soos die stad by geleentheid - nie meer waaksaam nie (Charles 1920:79; Morris 1969:75; Ladd 1972:55).

Die Satan tree in Sardis nie self na vore nie, ook nie deur middel van persone nie. Deurentyd is hy stilswyend betrokke. Geen uiterlike tekens verraai sy aktiewe teenwoordigheid nie (Caird 1966:48). Daar is slegs vae aanduidings dat hy in Sardis aan die werk *was*. Hy slaan waarskynlik toe wanneer *die totale omliggende omstandighede* waarin die kerk verkeer, ryp is (Greijdanus 1973:72).

In die verlede het die Satan ook al van hierdie metode gebruik gemaak:

- Wanneer die Here Kain se offer nie aansien nie, pleeg hy moord (Gen 4:8 en Matt 23:35 saamgelees met Joh 8:44 stel die Satan se werk by Kain se moord aan die orde).
- As gevolg van die gewaande gevaar waarin Abraham in Gerar verkeer het, vertel hy 'n leuen (Gen 20:2 saamgelees met Joh 8:44 verbind Abraham se leuen aan die Satan se werk).
- Toe Dawid Batseba sien bad én sien dat sy mooi was, het dit gelei tot Dawid se owerspel met haar en sy moord op Uria (2 Sam 11 en 2 Sam 12:9 saamgelees met Joh 8:44 en Op 2:14, 20 laat blyk dat die Satan Dawid laat val het).

## 6.3 Die rol van omliggende omstandighede vandag

Op verskillende plekke in die Bybel waarsku die Here teen die verderflike invloed wat omliggende omstandighede op 'n mens kan hê:

- Geldgierigheid is die oorsprong van allerlei kwaad en kan iemand in omstandighede laat beland waarin hy van die geloof afdwaal (Ef 5:5; 1 Tim 6:10).

- Slegte geselskap het 'n verderflike invloed op 'n mens (Spr 13:20; 1 Kor 15:3; 2 Tim 2:16-17; vgl ook Ps 1:1). Jongmense en kinders kan onder groepsdruk aan dwelms en drank verslaaf raak.
- Deur in die geselskap van dwaalleraars te verkeer, kan hulle 'n mens maklik na die verderf verlei (2 Pet 2:1-2).
- Huweliksprobleme skep die klimaat vir die Satan om mense in sedeloosheid te laat val (1 Kor 7:5).

Enige gelowige moet waak teen 'n hedegerigte lewe, maar in die lig van die Woord van God en sy beloftes 'n lewendige toekomsverwagting handhaaf. Dit kan bereik word deur uitvoering te gee aan die opdrag van Jesus aan sy kerk om voortdurend waaksaam te wees (soos in Matt 24:42, 25:13, Mark 13:33, 35; Luk 12:37; 1 Tess 5:6; 2 Pet 3:10).

# 7. FILADELFIA

Benewens heidene het die bevolking van Filadelfia ook uit 'n betekenisvolle aantal Jode bestaan. Die gevolg was dat Jode wat tot die Christendom oorgegaan het, baie teenstand van hulle eie mense ondervind het (Morant 1969:79; Van der Waal 1974:81).

## 7.1 Die gemeente in Filadelfia

Die godsdienstige omstandighede in die gemeente word aan die orde gestel deur die frase "(Ek weet dat) julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie" (μικρὰν ἔχεις δύναμιν καὶ ἐτήρησάς μου τὸν λόγον καὶ οὐκ ἠρνήσω τὸ ὄνομά μου). In hierdie uitspraak word slegs positiewe sake gekonstateer.

### Die gemeente het min krag

Die frase μικρὰν ἔχεις δύναμιν verwys moontlik daarna dat die gemeente klein was en 'n onbeduidende invloed op sosiale, politieke en ekonomiese gebied gehad het (Mounce 1980:117; Louw & Nida 1989b:164). Hulle het waarskynlik *min krag* gehad as gevolg van hulle klein getalle en in die oë van die wêreld was hulle onbeduidend (Greijdanus 1973:78).

Die *geopende deur* (Op 3:7-8) wat Christus aan die kerk gegee het, word deur navorsers gesien as die missiologiese taak wat die kerk vervul het (Lilje 1955:94; Morris 1969:79; Mounce 1980:117). Die kerk het ten spyte van hulle min krag[10] en vyandigheid van Jode hulle missiologiese roeping vervul.

10 Die geldigheid van Barnes (1855:120) se mening dat μικρὰν ἔχεις δύναμιν daarna verwys dat die gemeente min geestelike energie gehad het, kan bevraagteken word aangesien die waarskynlike missiologiese interpretasie van Openbaring 3:8 van die teendeel spreek.

### Die gemeente het aan die boodskap van Christus vasgehou

Die gemeente het aan die *boodskap* (λόγος) aangaande Christus wat aan hulle verkondig is op 'n permanente basis en oor 'n lang periode vasgehou (τηρέω; Louw & Nida 1989a:152; 1989b:244). Ten spyte van die feit dat die gemeente na die uiterlike min krag gehad het, het hulle hulle veranker aan die boodskap van Christus, en op grond daarvan kon hulle die verwagting koester om in eskatologiese konteks oorwinnaars te wees (Riesenfeld 1985:1175).

### Verhouding met Christus: die kerk verloën Christus nie

Die verhouding van die gemeente met Christus word verder verwoord as dat hulle Christus nie verloën het nie.

Die feit dat die Jode van *die sinagoge van die Satan* (Op 3:9) was, laat die moontlikheid dat daar vyandiggesindheid van die Jode teenoor die Christene in Filadelfia was. In die vroeg-Christelike kerk is Christene voor Jode en voor heidense howe gebring[11] waar dit van hulle verwag is om Christus te verloën ten einde vervolging te ontduik. Ten spyte van sodanige druk het die gelowiges Christus nie verloën nie, maar hulle verhouding met Christus konkreet uitgeleef (Ladd 1972:60; Greijdanus 1973:78; Hoeksema 1974:126).

## 7.2 Die metode van die Satan in Filadelfia: Leuen en vervolging

Die frase "die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg" (Op 3:9) stel die werksaamheid van die Satan in die gemeente aan die orde. Die Jode het in hulle optrede 'n nou assosiasie met die Satan gehad. Twee sake in verband met die Satan word uit Openbaring 3:9 uitgelig:

### Leuen

Jode van die plaaslike sinagoge het gemeen dat húlle die ware volk van God is, maar kragtens Romeine 2:28-29 en Galasiërs 6:16 is hulle dit nie, en derhalwe is hulle leuenaars (Lenski 1963:142; Ladd 1972:60). Die Satan gebruik die Jode om sy leuens te implementeer (Greijdanus 1973:79). Die bedoeling van die Satan was om met die leuen die gemeente weg van die waarheid af te verlei (De Moor 1926:95; Pohl 1973:146).

11 Volgens buite-Bybelse gegewens het elf van die gemeente se lidmate 'n martelaarsdood gesterf (Lilje 1955:93).

'n Moontlike rede waarom die Satan in Filadelfia spesifiek met die leuen geopereer het, was omdat die kerk daar só 'n hoë premie op die waarheid geplaas het. Hy beveg die waarheid met die leuen. Hy misken die bestaan van die gemeente in Filadelfia as die volk van God deur met die leuen te beweer dat die Jode die volk van God is (Op 3:9; Morris 1969:79; Mounce 1980:118). Waar die kerk openlik met die waarheid opereer, doen die Satan dit eweneens openlik met die leuen (Hoeksema 1974:126; Horn 1994:153). Waar die kerk getrou is aan die Woord van God, word dit verdruk (soos ook blyk uit Joh 15:18; Op 1:9).

### Vervolgings

Die woorde "Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet" in Openbaring 3:9 impliseer 'n vyandigheid van die kant van die Jode teenoor die kerk – 'n vyandigheid wat onder aanhitsing van die Satan plaasgevind het. Sodanige vyandigheid en haat van die kant van die Jode word ook in die Evangelies en Handelinge beskryf (vgl Matt 10:17, 23:37; Luk 11:49, 13:34; Hand 7:52; 26:11). Die Jode in Filadelfia het met hulle dade van vervolging bewys dat hulle *die sinagoge van die Satan* is (Blaiklock 1980a:754; Monnce 1980:118). Dat die Satan deur middel van die Jode die kerk vervolg, is te verstane in die lig van die feit dat die Jode vir Christus vermoor het (Hand 5:30; vgl Joh 15:18; 1 Joh 3:13).

Twee wesentlike karaktertrekke van die Satan naamlik dat hy 'n moordenaar en 'n leuenaar is (Joh 8:44), laat hy konkrete gestalte vind in Filadelfia.

## 7.3 Leuen en vervolging vandag

Die leuenmetode van die Satan vandag is reeds in 'n vorige paragraaf bespreek waar gehandel is oor die metode van die Satan in Efese, en die metode van die Satan waar hy die kerk verdruk en vervolg het, is bespreek in die afdeling waar Smirna behandel is.

# 8. LAODISEA

Openbaring 3:15 en 17 beskryf die toestand van die gemeente, en impliseer ook inligting oor die Satan.

## 8.1 Die gemeente in Laodisea

Christus beskryf die sonde van die gemeente as hulle foutiewe selfoordeel dat hulle skatryk is en niks meer nodig het nie (Op 3:17a). Daarmee word

by implikasie twee karaktertrekke van die gemeente aan die lig gebring, naamlik dat hulle selfgenoegsaam is en 'n gebrek aan eskatologiese visie het.

### Die selfgenoegsaamheid van die gemeente

Die woorde "Ek is ryk, skatryk" (πλούσιός εἰμι καὶ πεπλούτηκα) in Openbaring 3:17 beskryf hoe die gemeente homself gesien het: die gemeente plaas homself in die sentrum van sy bestaan (Swete 1906:60; Charles 1920:97). Die lidmate het die sekuriteit vir hulle bestaan as kerk in hulle materiële rykdom[12] gesien, en nie in Christus nie. Hulle het gemeen dat hulle niks van God nodig het nie (οὐδὲν χρείαν ἔχω: Op 3:17). Gevolglik het hulle 'n egosentriese en nie 'n Christosentriese of teosentriese visie op hulle bestaan as kerk gehad nie. Hulle was selfgenoegsaam.

### Die gebrek aan 'n eskatologiese visie

In Openbaring 3:15-17 word die gemeente nie binne die raamwerk van een of ander bedreiging beskryf nie maar soos hulle besig is om in die hede te bestaan (nl nóg warm, nóg koud; selfgenoegsaam). Omdat die gemeente hulle sekuriteit in materiële dinge vind, kan die afleiding gemaak word dat hulle hulle bestaan as slegs hedegerig sien. Gevolglik is daar by hulle 'n gebrek aan eskatologiese perspektief.

## 8.2 Die metode van die Satan in Laodisea: verlei deur middel van stoflike welvaart, verblind, misplaas prioriteite en ontneem toekomsvisie

Soos in die geval van Sardis word die naam of werksaamheid van die Satan nie in soveel woorde genoem nie. Derhalwe moet gepoog word om sy aktiwiteit in die lig van die moontlike gevolge van sy dade te identifiseer.

### Verlei deur middel van stoflike welvaart

Die sleutel vir die verstaan van die metode wat die Satan in Laodisea gebruik, lê opgesluit in Matteus 13:22: "die verleidelikheid van rykdom" (ἡ ἀπάτη τοῦ πλούτου). Om te verlei, word dikwels en met verskillende woorde

12 Daar bestaan verskil van mening onder navorsers oor watter soort rykdom met πλούσιος in Openbaring 3:17 beskryf word: materiële rykdom (Lohse s a:48; Barnes 1855:128; Morris 1969:83; Mounce 1980:126) of rykdom op godsdienstige vlak (Lilje 1955:101; Lenski 1963:156; Pohl 1973:153; Van der Waal 1981:123). Aangesien die gemeente op godsdienstige vlak nie die verlangde peil gehad het nie (Op 3:13), kan die moontlikheid dat hulle op godsdienstige vlak ryk was waarskynlik uitgeskakel word. Derhalwe word πλούσιος geïnterpreteer as 'n verwysing na stoflike rykdom.

(Louw & Nida 1989a:366-367,759-760) in die Skrif in verband met die Satan gebruik (vgl 2 Kor 11:3; 1 Tess 3:5; 1 Tim 2:14; Op 12:9, 20:10). Dit wil voorkom of die Satan rykdom as 'n instrument in sy hand gebruik om mense te verlei (Rienecker 1966:191; Oepke 1985b:65) en hulle te bedwelm (Lenski 1964:257; Ridderbos 1965:259) om op hulle stoflike goedere te vertrou (Charles 1920:95). Wat in Laodisea gebeur het, is 'n praktiese illustrasie van Matteus 13:22.

Op die keper beskou het die Satan die lidmate in Laodisea op 'n baie gesofistikeerde en gekamoefleerde wyse 'n dwase en leuen lewe laat voer: los van die Woord van God af, want ware wysheid en die waarheid is slegs in die Woord van God te vind (Joh 17:17; Jak 1:5; Holwerda 1953:121).

## Verblind

Die gemeente se intense ellende (Op 3:17) het daarin bestaan dat hulle voor God arm, blind en naak was – én hulle besef dit nie (οὐκ οἶδας, Op 3:17; Tenney 1958:66; Lenski 1963:156)! οὐκ οἶδας (Op 3:17) word geïnterpreteer as nóg 'n manier om te sê dat hulle blind was. Om blind te wees en in die duister te lewe, word op verskeie plekke in die Skrif nóú geassosieer met die werk van die Satan (Matt 12:22; Hand 26:18; 2 Kor 4:4). Dit wil voorkom of die gebrek aan sondebesef in die kerk in Laodisea aan die Satan toegeskryf kan word. Die Satan het die gemeente van Laodisea in so 'n mate 'n rat voor die oë gedraai dat hulle nie eers bewus was van die feit dat hulle in die teenoorgestelde staat verkeer as waarin hulle werklik voor God was nie.

## Die Satan misplaas prioriteite

Die frase "ek het niks meer nodig nie" (οὐδὲν χρείαν ἔχω, Op 3:17) impliseer dat die gemeente in Laodisea hulle prioriteite geheel en al misplaas het (Ladd 1972:64). Hulle het in só 'n mate hulle sekuriteit in aardse goedere gevind dat hulle nie eens die behoefte aan 'n Verlosser gehad het nie: aan God en sy reddende genade (Greijdanus 1973:85) en daarom onafhanklik van God kon leef (Pohl 1973:154).

Ander gevalle in die Skrif waar mense hulle prioriteite misplaas het, kan direk aan die werk van die Satan toegeskryf word: Adam en Eva is eerder aan die slang gehoorsaam as aan God (Gen 3:1-13), Annanias en Saffira soek eerder hulle eie voordeel as dié van mense in nood (Hand 5:3), Judas gee eerder gehoor aan die Satan as om die Koninkryk van God te soek (Luk 22:3; Joh 13:2, 27).

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar 'n samehang bestaan tussen die werk van die Satan en die feit dat die kerk in Laodisea hulle prioriteite misplaas het. Terwyl die Satan self heeltemal op die agtergrond is, gebruik hy uiterlike omstandighede om die prioriteite van die gemeente ten opsigte van hulle ewige saligheid skeef te trek.

### Die Satan ontneem toekomsvisie

Dié gemeente het vir hulle skatte op aarde vergader – soos blyk uit die frase πλούσιός εἰμι καὶ πεπλούτηκα (Op 3:17) – en nie in die hemel nie. Hulle het 'n hedegerigte lewe gevoer. Dit is direk strydig met Matteus 6:19-20.

Met Dawid (1 Kron 21:2), Christus (Matt 4:3,8,9) en Ananias (Hand 5:3) het die Satan se aanslag eweneens daarin bestaan dat hy hulle in 'n situasie wou plaas met slegs 'n hedegerigte fokus. Dit wil voorkom of die Satan die gemeente deur die genot van rykdom aardsgebonde gemaak het sodat hulle slegs vir die hede lewe en geen erg gehad het aan die rykdom van hulle ewige erfenis nie (Ef 1:19; Charles 1920:95).

## 8.3 Die metode van die Satan vandag

Gelowiges moet bedag wees daarop dat materiële welvaart gunstige omstandighede skep waaronder die Satan kan toeslaan.

- Wanneer iemand nie berou oor sy sonde het nie, ontstaan die vraag of die duiwel só iemand nie verblind vir sy sonde sodat hy of sy nie die nodigheid sien om hom of haar te bekeer nie. 'n Weiering om te verander waar sosiale ongeregtigheid heers, 'n huweliksprobleem of ongeloof, of waar iemand weier om hom of haar van 'n spesifieke sonde te bekeer, kan moontlik die Satan se aanslag wees.
- Waar 'n gelowige, die kerk, die staat en die skool sy prioriteite misplaas sodat dit nie volgens die Woord van God is nie, het die Satan op een of ander manier daar iets mee te doen.
- Wanneer 'n gemeente genoeë neem met 'n mooi (welvarende) uiterlike, en derhalwe geen konstruktiewe geloofsdade na vore bring nie (soos om aktief sendingwerk te doen), is dit 'n uiters gevaarlike doelwit wat die Satan in só 'n gemeente bereik het. Sodanige gemeente besef nie sy ellende nie en sien dus geen nodigheid vir berou en bekering nie én is lou!
- Wanneer 'n gemeenskap of 'n individu, om watter rede ook al, nie meer 'n toekomsverwagting het nie, kan dit aan die Satan toegeskryf word.

Wat 'n gelowige moet doen wat deur die Satan by só 'n punt gebring is dat hy "arm, blind en kaal" (Op 17) is, word deur Christus in Openbaring

3:18 gegee. 'n Christen moet aan Christus in sy lewe prioriteit gee en nie aan sulke sake soos roem, stoflike welvaart en uiterlike aansien nie.

## 9. SLOT

Die Satan wissel sy metodes af na gelang van die omstandighede en hy individualiseer sy metode ten einde sy doel die beste onder die omstandighede te bereik. Hy tree self min op die voorgrond, maar bedien hom dikwels van mense en strukture, en selfs van omliggende omstandighede om sy verderwende werk te verrig. In elke samelewing en kerk is die Satan met 'n verskeidenheid metodes werksaam.

## BIBLIOGRAFIE

ATKINSON B F G
s a. *The war with Satan*. London : Protestant Truth Society.

BALJON J M S
1908. *Commentaar op de Openbaring van Johannes*. Utrecht: J van Boekhoven.

BARCLAY W
1976. *The Revelation of John* (Deel 1). Edinburgh: The Saint Andrew Press.

BARNES A
1855. *Notes, explanatory and practical on the Book of Revelation*. Nashville: Broadman.

BAUER W
1957. *A Greek-English lexicon of the New Testament*. Chicago: University of Chicago Press.

BLAIKLOCK E M

1980a. Philadelphia, in Tenney M C, red *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 4:753.

1980b. Sardis, in Tenney M C, red *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 5:277-278.

BLASS F & DEBRUNNER A

1961. *A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature. A translation and revision of the ninth-tenth German edition incorporating supplementary notes of A Debrunner by Robert W Funk.* Cambridge: University Press.

BLASS F & DEBRUNNER A

1990. *Grammatik des neutestamentlichen* Griechisch. Bearbeitet von Friedrich Rehkopf. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

BREMMER R H

1959. *Visioenen op Patmos.* Groningen: De Vuurbaak.

CAIRD G D

1966. *A commentary on the Revelation of St John the Divine.* Londen: Adam and Charles Black.

CALVIJN J

1971a. *Het Evangelie van Johannes. Opnieuw uit het Latijn vertaald door G L Goris.* Goudriaan: W A de Groot.

1971b. *Die Evangeliën van Mattheus, Markus en Lukas (Deel 1). Opnieuw uit het Latijn vertaald, onder toezicht van A Brullenkamp.* Goudriaan: W A de Groot.

1972. *Uitlegging op de Zendbriefen van Paulus aan de Efeziërs, Filippensen en Colossensen.* Goudriaan: W A de Groot.

CHARLES R H

1920. *A critical and exegetical commentary on the Revelation of St, John.* Edinburgh: T & T Clark.

CONZELMANN H

1975. ψεῦδος. *TDNT* 9:594-602.

CULVER R D

1980. Jezebel, in Tenney M C, (red) *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 3:589-590.

DE BONDT A

s a. *De Satan.* Baarn: Bosch & Keuning.

DE MOOR J C

1926. *De hemel geopend: de Openbaring van Johannes in leerredenen verklaard.* Kampen: Kok.

ELLUL J

1977. *Apocalypse.* New York: Seabury Press.

FARRER A

1964. *The Revelation of St John the Divine.* Oxford: Clarendon Press.

FOERSTER W

1971a. διάβολος. *TDNT*, 2:75.

1971b. σατανᾶς. *TDNT* 7:151-163.

GREIJDANUS S

1973. *De Openbaring des Heren aan Johannes* (Korte verklaring der Heilige Schrift). Kampen: Kok.

GROENEWALD E P

1986. *Die Openbaring van Johannes.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

GROVÉ A H

1992. Die selfidentifikasie van Christus in Openbaring 2 en 3. Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif – PhD)

GROSHEIDE F W

1954. *Het Heilige Evangelie volgens Mattheus* (Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen: Kok.

HARRINGTON W J

1969. *Understanding the Apocalypse.* Washington: Corpus Books.

HAUCH F

1971. ὑπομονή. *TDNT* 4:574-588.

HEMER C J

1986. *The letters to the seven churches of Asia in their local setting.* Sheffield: JSOT Press.

HENDRIKSEN W H

1973. *More than conquerors.* London: Inter-Varsity Press.

HIEBERT D E

1980. Satan, in Tenney M C, (red) *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 5:282-286.

Hoeksema H
1974. *Behold, He cometh!* Grand Rapids: Reformed Free Publishing Association.

Holwerda B
1953. *Een Levend Hoop (Deel 1)*. Enschede: Boersma.

Horn F W
1994. Zwischen der Synagoge des Satans und dem neuen Jerusalem. *Zeitschrift für Religions- und Geistesgeschichte* 46(2):143-162.

Keil C F & Delitzsch F
s a. *Commentary on the Old Testament* (Deel 1). Grand Rapids: Eerdmans.

Kuhn H B
1971. Is Satan Expendiable? *Christianity Today* 16:48-49.

Ladd G E
1972. *A commentary on the Revelation of John*. Grand Rapids: Eerdmans.

Lenski R C H
1963. *The interpretation of St. John's Revelation*. Minneapolis: Augsburg.

Lilje H
1955. *The last book of the Bible*. Philadelphia: Muhlenberg Press.

Lohse D
s a. *Die Openbaring van Johannes*. Odjimbingue: Verenigde Luthers Teologiese Seminarie.

Lohse E
1993. Synagogue of Satan and Church of God. *Svensks Exegetisk Arsbok* 58:105-123.

Louw J P & Nida E A
1989a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. Vol 1 & 2. Roggebaai: Bible Society of South Africa.

Matter H M
1960. Polycarpus, In Grosheide W F & Van Itterzon G P (reds) *Christelijke Encyclopedie*. Kampen: Kok, 5:481.

Michaelis W
1970. μεθοδεία. *TDNT* 5:102-103.

Morant P
1969. *Das Kommen des Herrn*. Zurich: Thomas.

MORRIS L
1969. *The Revelation of St John*. London: Tyndale Press.

MOUNCE R H
1980. *The Book of Revelation*. Grand Rapids: Eerdmans.

ODEBERG H
1972. Ἰεζάβελ. *TDNT* 3:217-218.

OEPKE A
1985a. γρηγρέω. *TDNT* (abridged), 195-196.

1985b. ἀπάτη. *TDNT* (abridged) 65.

PERRY M
1990. Taking Satan seriously. *ET* 101(4):105-112.

POHL A
1973. *Die Offenbaring des Johannes*. Wuppertal: Brockhaus.

RECKER R
1971. Satan: In power or dethroned? *Calvin Theological Journal* 6(2):133-155.

RIDDERBOS H N
1965. *Het Evangelie naar Mattheus* (Deel 1) (Korte Verklaring). Kampen: Kok.

1971. *Paulus. Ontwerp van zijn theologie*. Kampen: Kok.

RIENECKER F
1966. *Sprachlicher Schlüssel zum griechischen Neuen Testament*. Basel: Brunnen.

RIESENFELD H
1985. τηρέω. *TDNT* (abridged) 1174-1176.

SWEET J
1979. *Revelation*. Londen: SCM Press.

SWETE H B
1906. *The Apocalypse of John*. Londen: Macmillan.

TENNEY C T
1958. *Interpreting Revelation*. Grand Rapids: Eerdmans.

VAN DER WAAL C
1974. *Gij kustlanden*. Goes: Oosterbaan.

VAN DER WAAL C
1981. *Openbaring van Jezus Christus II.* Oudkarspel: De Nijverheid.

VOSLOO W
1992. Die Ou Testament oor demone en die Satan. *In die Skriflig* 26(4):387-396.

WALL R W
1991. *Revelation.* Hendrickson Publishers: Massachusetts.

WHITE W
1980. Watch, in Tenney M C (red) *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House. 5:901.

WOOLLEY P
1980. Polycarp, in Tenney M C (red) *Pictorial dictionary of the Bible.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 4:815-816.